# Vars Nuus Uit Die Oekraïne

Ons is **Stéfan en Hensie van der Merwe** en ons bedien reeds van **2003** af in **Oekraïne**. Ons het drie kinders: Nadia (24), Daniil (21) en Victor (17).

**Hensie Marias** het groot geword – is gebore, gedoop en aangeneem in **Waterkloof gemeente**. Na **Hensie** se wedergeboorte op 17jr, het sy vir 4 jaar Sondagskool gegee vir die gr. 7's en oral hand bygesit tot en met haar huwelik met **Stéfan van der Merwe** in Januarie 1997. Na die huwelik is haar lidmaatskap van Waterkloof na Lynnwoodrif NG gemeente geskuif.

Kort nadat **Stéfan** en **Hensie** in 1994 ontmoet het, het **Stéfan** sy sending-roepingsvers met **Hensie** gedeel. Dit was **Jesaja 49:6.**

"*Hy het gesê: Dit is nie genoeg dat jy my dienaar is om die stamme van Jakob te herstel en om die Israeliete wat gered is, terug te bring nie; Ek maak jou 'n lig vir die nasies sodat die redding wat Ek bewerk, die uithoeke van die aarde sal bereik.*"

**Hensie** se roepingsvers was **Genesis 12:1**.

*"Die Here het vir Abram gesê: "Trek uit jou land uit, weg van jou mense en jou familie af na die land toe wat Ek vir jou sal aanwys."*

Vir die volgende 10 jaar het die Here ons saam gereed gemaak vir die sendingveld in Oekraïne en in 2003 het ons klein gesinnetjie, ek, Stéfan en 'n 17 maande-oue Nadia na die hawestad Odesa vertrek. Na 'n paar jaar het die Here ons gelei om deel te word van **Operasie Mobilisasie** saam met wie ons nog steeds dien.

Oor die afgelope 20 jaar was ons geseënd om onder andere deel te wees van opleiding van pastore, kerkplant-spanne en die planting van 4 nuwe kerke, die opbou van 'n vrywilliger-netwerk vir bediening in 15 Kinderhuise, opleiding van vrywilligers en die stigting van die kamp/klub bediening met die naam van **"CAMP NEON"** wat hoofsaaklik werk met tieners uit sogenaamde **'hoë risiko gesinne'**.

In 2020 is 'n dekade lange droom van ons verwesenlik, toe ons genooi is om 'n internasionale Engelssprekende kerk in Odesa te begin saam met nog 'n **sendeling paar** van die VSA, **Caleb en Christina Suko** – en so is die **Odesa International Fellowship** of **OIF** gebore.

Ons het begin met 'n klein groepie belangstellende studente en ander buitelanders in Caleb se kantoor in die middestad. Ons reik uit deur die **Oekraïniese Taal-klub** en **weeklikse kerkdienste**. Mense uit Indië, Pakistan, Eqipte, Nigerië, Somalië, Iran, China, Indonesië en nog 'n paar uit ander Afrikalande besoek die gemeente.

Met die aanvang van die Russiese inval op 24 Februarie 2022, was baie van hierdie mense van die eerstes wat ons gehelp het om by die grens uit te kom.

Vir die afgelope 4 jaar bedien ons vlugtelinge, intern-verplaastes, families wat, tydens hierdie oorlog, familielede aan die dood afgestaan het, ensomeer.

Waterkloof gemeente was deur al die jare op een of ander wyse betrokke by die Van der Merwes. Tydens besoeke aan SA het **Ds. Stéfan van der Merwe** by Waterkloof as gas-prediker opgetree en ons het ook op vele geleenthede ons werk met die gemeentelede gedeel. Baie dankie vir al die gebede uit die Waterkloof gemeente oor al die jare heen!